Prediker: Gerhard vd Merwe 25 Januarie 2026

**Skriflesing: Matteus 5:1-2**,

Het jy al gewonder wie die skare was wat Jesus op daardie radikale dag gevolg het? As dit nou vandag moes gebeur, wie sou in die skare wees? As ons wil eerlik wees, sal ons se... die kerkraadslede, die mooi mense, die suksesvolle mense, die mense met die mooi karre en die grade teen die muur. Die mense met soet kinders en mense met wit en reguit tande... Ek het dit doelbewus n bietjie aangedik, maar Matteus 4:23-24 se vir ons wie hierdie mense was.

23 Jesus het deur die hele Galilea rondgegaan. Hy het die mense in hulle sinagoges onderrig, die Goeie Nuus van God se koningsheerskappy aangekondig en elke siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak.

24 Kort voor lank het die nuus oor Hom oor die hele provinsie van Sirië versprei. Die mense het almal wat siek was na Hom toe gebring: dié wat geteister was deur allerhande siektes en pyne, dié in wie daar bose geeste was, epileptici, verlamdes – en Hy het hulle gesond gemaak.

25 ’n Groot skare uit Galilea, Dekapolis, Jerusalem, Judea en die Transjordaan het Hom begin volg.

Die mense wat na die aardskuddende preek geluister het was die uitgeworpenes, die ouens wat nie n werk kon hou nie, die ouens wat deur die kerkmense as die sondaars uitgekryt was. Dit was nie mense van kerkmateriaal nie, laat staan nog van kerkraadsmateriaal. Die armes, die mense wat nie lekker geruik het nie, mense wat te veel gedrink en het en vuil taal gebruik het. Mense wat net nie hul lewe op n gelykpad kon kry nie. Mense sonder hoop.

En hoe begin Jesus hierdie preek van alle preke van alle tye... Dit begin nie met n ruil transaksie nie.... Dit begin nie met kom doen iets vir my en ek sal iets vir julle doen nie. Nee. Dit begin met die woordjie... GESEEND. Die nuwe vertalings praat van gelukkig. Maar dit is beslis iets meer as om gelukkig geag te word. Ons se soms as iemand ons vra hoe dit gaan... geseend. EN soms se ons dit vir mense wat ons nie eens van hou nie. Bless you! En ons se dit op na manier wat beteken... kom net uit my pad uit. In Jesus se tyd het dit iets vertel van wat dit is om n goeie lewe te he.

En wie het die goeie lewe gehad. In Jesus se tyd was om arm van gees te wees, nie n eretitel nie. Dit wys na die mense ver van God, mense wat nie die Bybel gelees het nie, nie gereeld in die kerk gekom het nie. Die Nuwe vertaling lees so... Gelukkig is hulle wat weet hoe afhanklik hulle van God is... Die gelukkige lewe is nie omdat hulle arm en ver van God was nie, maar omdat hulle wat ver van God is nou ook deur God raakgesien word en tot by hulle gekom het. By jou en by my. Vel naby, in my gesigsveld.naby. Beskikbaar. En dit maak elkeen geseend. Vir die wereld maak dit nie sin nie. Hulle lysie van gelukkiges lyk heeltemaal anders. Gelukkig is die CEO’s en die ouens met die doktorsgrade, gelukkig is die ouens slank en mooi is met hare wat n glans in dit het. So die vraag is vir my en jou vandag is.. wie is regtig die geseendes. Hulle wat elke dag in God se teenwoordigheid is, hulle wat kies om met God te praat. Hulle wat weet dat God hulle toekoms en uitkoms in Sy hand hou. Elkeen wat sy eie ekkigheid na die kruis kan bring. Elkeen wat nie meer veg om die wereld se probleme self op te los nie. Elkeen wat weet dat die beste plek is om God toe te laat om God te wees en vir my om oopmond van verbasing te kan se WOW! Ons God is n grote God.

En wie is die geseendes as hulle treur? Hulle wat al die klappe van die lewe gekry het, die uitgestotenes, die wat hul beste vriend verloor het, hulle wat misluk het en nou sit met die gevolge

van hul dom keuses, hulle wat sug oor die dinge van die lewe. Hulle wat al in die rug gesteek was. Die wat ly aan n ongeneeslike siekte of selfmoordgedagtes het. Jy is dalk aan die einde van jou planne, maar God het nog baie meer planne vir jou. En so kan ons deur die lys werk van Jesus... selfs hulle wat vervolg word... Niemand is uitgesluit in die genade van God nie.

En op hierdie manier kom gee Jesus vir ons die reels van die geloofsgemeenskap. Hier gee ons nie voor sodat mense meer van ons kan hou nie. Hier dra ons nie maskertjies om beter te lyk as wat ons eintlik is nie. Hier is ons die stukkendes, die behoeftiges.

Ek lees een keer hierdie stelling oor hoe gelowiges se uitkyk is... Evangelism, is one begger telling another begger where to get bread. Net so. Hier is ons almal die behoeftiges wat n diep honger wil stil. N Honger na God se liefde en God se saam stap met ons lewe. Almal is welkom.

En dit is die standaard waaraan ek en jy en ons gemeente getoets gaan word. Is daardie gesindheid in my dat almal is welkom? Word almal hier n ruimte gegee waar hy of sy self met God hul saak kan kom uitmaak. Het ons Jesus se gesindheid in die manier hoe ons ander mense groet? Want die Bybel spel dit uit dat as ons ons skuld sou bely by God se voete, sal Hy ons vergewe en herstel. Al die vlekke wat ons op ons lewe het sal in een oomblik weggewas wees.

As iemand by die AA sou uitkom, is die eerste sinne, hallo, ek is Gerhard, ek is n alkoholis. En die ander in die kring se nie... What?? Hoe kon jy nie! Hulle se... Hallo Gerhard. Die groep weet dat hulle elkeen ook die status van alkoholis het. So moet elke gelowige weet dat sy status is een van begenadigde sondaar. En enigeen wat hul sondigheid erken, het arriveer. Dit is hulle wat welkom is. Hierdie gebou is vol van mense wat al skaam kon erken dat hulle nie die antwoorde het nie. Dat hulle die lewensspel gespeel het, en tweede beste daarvan afgekom het. Dat hulle al kru foute gemaak het en soms steeds maak. Hulle wat hoog geag word, is hulle wat besef dat hulle dit nie op hul eie kan maak nie. Net te swak daarvoor. Die sterkste moontlike ding is om te erken dat ek nie kan nie.

En hier is ons nou... in God se koninkryk is daar ander reels. Volgens watter koninkryk se reels tree jy op. Kan jy voorbeelde opnoem vir jouself oor situasies waar jou eie koninkryk uitgepop het. En kan jy saam stem dat God se resep vir die koninkryk n beter resep is wat op n beter plek uitloop. Kom dan in. Welkom. Jy is veilig en tuis in ons midde.

As ons dan vanoggend kerkraadslede bevestig vir n termyn in diens van die gemeente en om so die Here te dien, is die versoeking so maklik om eerder weg te kruip en te se... ek is tevrede met my manier van leef. Kies liewer iemand anders. En tog het elkeen van ons wat bevestig word n geleentheid gesien om die here te dien deur ja te se vir n verantwoordelikheid. Laat dit vir ons elkeen ekstra motivering wees om die Here met voorbeeld, woord en daad te volg soos Hy ons mag lei.

Daar is twee soorte gemeenskappe. Hulle gebaseer op hul eie koninkryksreels en hulle wat fokus op God se spel reels.

Die gelukkigste mense, die geseendes, is hulle wat weet dat hul dit nie gemaak het in die menslike koninkryks reels nie, maar besef dat in God se koninkryksreels is Hy nou naby aan hulle.

N Goeie lewe is elkeen wat besef dat God hulle nader geroep het, hom n nuwe kans gee, en hulle het dit aangegryp.

Hoe deel ons die goeie nuus uit? One .......................... telling another ........................ where to get ..................................

Here, ek kom bely dat ek soms dink ek is beter as ander mense. Maar eintlik besef ek dat in U oe is ons almal gelyk, behoeftig en sonder hoop. Toe U mens geword het, het alles verander. Nou is daar ware hoop moontlik. Dankie vir Jesus wat dit vir my moontlik gemaak het. Amen.